CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# Selfdoengids vir die opspoor en herstel van waterlekkasies

Water is ons kosbaarste natuurlike hulpbron. Om in 'n streek te woon waar water skaars is, beteken ons almal moet water slim gebruik. Om minder water te mors in ons huise, besighede, sportklubs, skole, plekke van aanbidding en oral elders in ons gemeenskappe, is dit noodsaaklik dat ons lekkasies vinnig opspoor en herstel. Dit is jóú verantwoordelikheid om lekkasies op jou eiendom te herstel. Volgens wet moet lekkasies gou herstel word, waardeur jy ook geld sal bespaar. Gebruik hierdie handige handleiding om lekkasies te help opspoor en herstel.



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

REGSVRYWARING:

Hoewel op wetgewing gegrond, word die inligting in hierdie boekie in 'n informele en eenvoudige taal aan kliënte en die publiek verskaf om raad oor watergebruik en -besparing te verskaf. Indien daar enige teenstrydighede met bepalings in die onderliggende wetgewing sou wees, kry die werklike wetgewing voorrang en moet dit direk geraadpleeg word, of onafhanklike professionele advies oor die saak ingewin word. Die Stad Kaapstad aanvaar nie enige aanspreeklikheid vir enige stappe wat gedoen word op grond van die inligting wat hierin vervat is nie.

# Inhoud


02 Vind dit. Herstel dit.

03 Hoe om te kyk of jy ’n lekkasie by die huis het

06 Hoe om lekkasies op te spoor en te herstel

07 Hoe om te kyk of jou toilet lek

11 Hoe om te kyk of 'n warmwatersilinder lek

12 Hoe om ’n kraanwaster te vervang

14 Hoe om ondergrondse lekkasies op te spoor

16 Vrae wat dikwels gevra word

# Vind dit. Herstel dit.

**Lekkasies kan baie water vermors, of dit nou by 'n huis of 'n besigheid is. Om lekkasies op te spoor en te herstel, is uiters belangrik as jy wil ophou om water op jou eiendom te vermors.**

'n Enkele druppende kraan kan 15 tot 90 liter per dag vermors – genoeg om 'n gemiddelde swembad binne 'n jaar vol te maak. 'n Lekkende toilet vermors tot vier keer soveel – dit is een gemiddelde swembad se volmaak elke derde maand. Baie lekkasies ontstaan sonder dat mense dit besef (veral as die lekplek ondergronds is), en kan maande of selfs jare voortduur. Dit kos geld sonder dat die water nuttig aangewend word, en laat ons damme onnodig leeg loop.

Om 'n lekkasie te herstel, kan 'n paar rand kos maar gewoonlik betaal dit homself gou af – binne 'n maand of twee vir 'n blote toilet, kraan, of geiser wat lek en waar 'n loodgieter 'n waster moes vervang, en nóg vinniger as jy dit self doen. Onthou, lekkasies vermors water en kan jou gebruik tot in 'n hoër blok in die tariefskedule opstoot, en hoër gebruik stoot outomaties jou afvalwater-rekening ook op.

Om al hierdie redes, as jy vermoed jy het 'n lekkasie by die huis wat herstel moet word, moenie wag nie: Vind dit. Herstel dit.

# Hoe om te kyk of jy 'n lekkasie by die huis het


**1** Stop alle watergebruik. Draai alle krane op die eiendom toe en moenie die toilette spoel nie.




**2** Kyk wat jou meterlesing is en teken dit aan.



**3** Wag 15 minute en neem weer 'n lesing. Maak seker niemand het 'n kraan oopgedraai of 'n toilet gespoel sedert jy die eerste meterlesing geneem het nie.




**4** As daar 'n verskil is, het jy 'n lekkasie wat herstel moet word. Volgens die Stad se Waterverordening moet jy vinnig optree.



**5** Gebruik hierdie selfdoengids om eenvoudige lekkasies self te herstel, of bel 'n loodgieter om te help.





As jy huur of nie jou eie meter het nie, moet jy steeds iets doen om lekkasies te stop. Jy betaal waarskynlik vir hierdie water sonder dat jy daarvan weet. Nog erger, as jy nie die lekkasie opspoor, herstel of aanmeld nie, kan jy verplig word om vir hierdie water te betaal.


Moenie wag nie. Vind dit. Herstel dit. Of stel ten minste die eiendomsbestuurder of eienaar daarvan in kennis.

# Hoe om jou watermeter te lees

Dit is nie moeilik om 'n watermeter te lees nie. Maak jou watermeterhouer oop. As dit gesluit is, kan die Stad Kaapstad se personeel dit met 'n meterhouer-sleutel kom oopsluit as hulle jou meter kom lees. Jou meter lyk waarskynlik soos een van twee tipes wat in Kaapstad gebruik word en hieronder gewys word. Albei teken dieselfde ding aan maar die inligting word effens anders aangetoon. Die illustrasies hieronder wys hoe albei gelees moet word.

Een het 'n stel getalle bo aan en 'n paar ronde wyserplate. Daar is verskeie fabrikate en modelle, so dit kan effens verskillend lyk, maar almal het hierdie kenmerke. Die ander tipe het net getalle en geen ronde wyserplate nie.




Let daarop dat jy veral op die uitkyk moet wees vir klein bewegings van die kleinste volumes watergebruik soos aangedui deur liters of breukdele van liters, want daar sal nie groot volumes water binne 15 minute gebruik word nie (so is dit byvoorbeeld onwaarskynlik dat dit 1 000 liter sal wees). Kyk op die ronde wyserplate na die liters (0,001) of tiendes van liters (0,0001). Op die meter met net nommers, kyk heel regs van die stel nommers na die liters (tweede van regs) en tiendes van liters (verste regs).

# Hoe om ’n loodgieter te kry

As dit nie ’n eenvoudige werk is wat jy self kan doen nie, kan jy ’n loodgieter bel. Dit is belangrik om iemand te kry wat behoorlik gekwalifiseer en geregistreer is. Kyk op **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir ’n lys van loodgieters in Kaapstad. Let wel: Die Stad is nie verantwoordelik vir enige werk wat enige loodgieter op hierdie lys doen nie.

Dit is ook belangrik om gehaltemateriaal te gebruik wanneer die lekkasies herstel en gestop word. As die loodgieter pype, toebehore of ander komponente moet vervang, maak seker net SABS-goedgekeurde materiaal word gebruik. ’n Lys van hierdie goedgekeurde materiaal is op JASWIC (Joint Acceptance Scheme for Water Service Installation Components) se webwerf: **www.jaswic.co.za** beskikbaar.

As jy nie ’n loodgieter kan bekostig nie, hou die hoofkraan (afsluitkraan) toe wanneer jy nie water gebruik nie.



# Hoe om lekkasies op te spoor en te herstel


Die meeste lekkasies kan maklik opgespoor word, as jy weet waar om te kyk. Kyk op die basiese plekke: toilette, warmwatersilinder (geiser), oorlooppype en krane. Dit is die algemeenste lekplekke. 'n Onnatuurlike groen kol in die tuin of klam kolle op mure of harde oppervlakke kan ook op 'n lekkende waterpyp dui. Tensy jy seker is daar is wel 'n ondergrondse lekkasie, gaan eers dié bogronds na wat 'n mens maklik kan raaksien – toilette, krane en geisers – voor jy ondergronds gaan soek wat baie duurder en meer ingewikkeld kan wees.

# Hoe om te kyk of jou toilet lek

**1** Luister en kyk of daar water in die toiletbak insypel.



**2** Druk 'n stukkie toiletpapier agter teen die binnekant van die spoelbak. As dit nat raak, het jy waarskynlik 'n lekkasie.



**3** Gooi 15 druppels voedselkleursel in die toiletbak bo. As die water na 15 minute verkleur het, is daar 'n lekkasie.



**As daar 'n lekkasie is, kyk wat dit veroorsaak. Haal die bak se deksel af en kyk na die watervlak binne:**

- As die water op dieselfde vlak as die oorlooppyp is of daarin vloei, is die **watervlak te hoog** gestel of lek die vlotterklep.
- **As die watervlak** onder beide oorlooppype is, lek die spoelklep.
- Die spoelklep kan ook verweer wees wat sal veroorsaak dat water in die bak in lek. Vervang die spoelklepwaster – sien verder aan.

# Hoe om die korrekte watervlak te stel


As die water by  jou oorlooppyp uitloop, beteken dit jou watervlak is te hoog gestel. Stel dit reg deur die vlotterklep met behulp van een van die volgende metodes te verlaag:

**Metode 1:** Maak die isoleerklep (afsluitklep) toe, verwyder die splitpen en lig die vlotterarm uit die bak. Buig die vlotterarm effens af. Om te verhoed dat dit beskadig word, hou die arm met een hand vas terwyl jy dit met die ander een buig. As die vlotterarm oud is, kan dit bros wees en maklik breek, so wees versigtig. Maak seker dit pas reg wanneer jy dit terugsit. Laastens, maak weer die isoleerklep oop en kyk of die nuwe watervlak laer is.

**Metode 2:** As daar ’n skroeftipe versteller aan die klep is, draai die skroef om die vlotter effens te laat sak. Die water moet tot ’n vlak onder die oorloop styg en die vlotterklep moet toemaak. As dit nie gebeur nie en die watervlak bly styg en die waterbak begin weer oorloop, moet die vlotterklepwaster vervang word.

As jy dit nie kan bekostig om dadelik ’n loodgieter te bel om ’n ernstige toiletprobleem te kom herstel nie, gebruik die klein afsluitklep by die basis van die toilet sodat dit tussen spoele toe is.

# Hoe om die vlotterklepwaster te vervang




**Stap 1:** Maak die isoleerklep toe om die watertoevoer na die toilet af te sluit.

**Stap 2:** Verwyder die splitpen en die vlotterarm.

**Stap 3:** Draai die doppie los.

**Stap 4:** Verwyder die dompelaar deur waterdruk te gebruik om dit uit te stoot.


**Stap 5:** Draai die geelkoper-dompelaar los om die waster daarbinne te verwyder.

**Stap 6:** Sit 'n nuwe waster in. Sit die dele weer bymekaar – stap 4 tot stap 1.

**Stap 7:** Maak die isoleerklep stadig oop en kyk dat die vlotterklep toemaak wanneer die bak vol is.

**WENK:** Verskillende vervaardigers gebruik verskillende meganismes, so dit is die beste om jou bestaande vlotterklep saam te neem as jy die nuwe vervangende waster gaan koop om seker te maak jy koop die regte een. Dalk sit die verskaffer die nuwe waster net daar in die winkel vir jou in.

# Hoe om die spoelklepwaster te vervang




**Stap 1:** Maak die isoleerklep toe om die watertoevoer na die toilet af te sluit.

**Stap 2:** Verwyder die splitpen en die vlotterarm.

**Stap 3:** Verwyder die spilmontering. Wees versigtig om nie die meganisme te breek nie.

**Stap 4:** Draai die onderste flens af en verwyder die waster (onthou na watter kant hierdie waster geposisioneer was vir wanneer jy die nuwe waster moet insit). Moenie te veel krag gebruik nie. As jy nie die boonste deel van die spoelklep kan verwyder nie, bel 'n gekwalifiseerde loodgieter.

**Stap 5:** Installeer 'n nuwe waster met die skuins kant na bo. Sit die dele weer bymekaar – stap 4 tot stap 1.


**Stap 6:** Maak die isoleerklep stadig oop en kyk dat dit nie meer lek nie.

**WENK:** Verskillende vervaardigers gebruik verskillende meganismes, so dit is die beste om jou bestaande vlotterklep saam te neem as jy die nuwe vervangende waster gaan koop om seker te maak jy koop die regte een.

# Hoe om te kyk of 'n warmwatersilinder lek

Warmwatersilinders of geisers het 'n oorlooppyp nes toiletbakke.

Die meeste moderne geisers is hoëdruk-, termostaatbeheerde geisers met 'n drukverlagingsklep. Dit is normaal dat water uit die oorlooppyp drup wat aan 'n uitsettingsoorloopklep gekoppel is. Water sit uit wanneer dit verhit word, en 'n klein hoeveelheid word deur hierdie klep vrygestel om die druk binne die silinder te verminder en te verhoed dat dit bars. Dit kan vir 'n uur of langer drup, en tot 2 liter per dag kan so verlore gaan. Dit behoort egter te stop wanneer die temperatuur stabiliseer. In plaas daarvan om hierdie water te vermors, kan die oorloop na die tuin herlei word of uit die pyp opgevang word om plante nat te maak.



As dit aanhoudend drup of die lekkasie erg is, bel 'n gekwalifiseerde loodgieter.

'n Swaartekragtoevoersilinder (drukloos) het 'n vlotterklep soortgelyk aan dié in 'n toiletbak om die watervloei te beheer. Dit kan aangepas word om die watervlak reg te stel en wateroorloop te verminder of die vlotterklepwaster te vervang as dit verweer is.

Beide hoëdruk- en swaartekragtoevoer-geisers is kompleks-geisers en kan baie gevaarlik wees. Die Stad beveel aan dat jy 'n gekwalifiseerde loodgieter bel as jy die lekkasie opgespoor het.

'n Lys van geregistreerde loodgieters in Kaapstad is beskikbaar op **www.capetown.gov.za/thinkwater**. Let daarop dat die Stad nie verantwoordelik is vir werk wat deur enige loodgieter op hierdie lys gedoen word nie.

## Hoe om ’n kraanwaster te vervang

Gaan al die krane in die huis en tuin na om te kyk of dit drup. ’n Druppende kraan beteken gewoonlik die waster moet vervang word.

**Stap 1:** Maak die hoofisoleerklep of die isoleerklep wat aan die kraan gekoppel is, toe en draai dan die kraan heeltemal oop.

**Stap 2:** Draai die boonste deel los. Wanneer jy die kraan losdraai, draai ’n stuk lap daarom om te verhoed dat dit gekrap word.

**Stap 3:** Draai die spil los.

**Stap 4:** Verwyder die spil.


**Stap 5:** Draai die waster-keermoer los en verwyder die waster.

**Stap 6:** Sit ’n nuwe waster in en vervang die moer. Maak seker dit is die regte grootte waster vir die kraan.

**Stap 7:** Sit die spil terug en draai die boonste deel vas.

**Stap 8:** Maak die kraan toe, maak die watertoevoer stadig oop en kyk of dit nog lek. Moenie die kraan te styf toemaak nie, want die nuwe waster is sagter en kan maklik beskadig word.

Let daarop dat sommige krane mengers is waar die toevoer van warm en koue water vanuit ’n enkele hefboom gekontroleer word, gewoonlik by die kraan se basis. Hierdie tipe, en sommige ander, het dalk nie wasters nie maar eerder geïntegreerde modules wat vervang moet word. Dit is dikwels uniek aan die vervaardiger en model kraan. As hierdie tipe of ander wasterlose krane lek, is dit die beste om ’n gekwalifiseerde loodgieter te bel.


1
2
3
4
5
6

# Hoe om ondergrondse lekkasies op te spoor

Sommige ondergrondse lekkasies kan maklik opgespoor word terwyl ander moeiliker opspoorbaar is. Selfs al sien jy ’n besonder groen stuk gras, ’n sinkgat, moskol of grond wat donkerder is in jou tuin, kan dit moeilik wees om jou vinger op die eintlike lekplek te plaas. Ondergrondse lekkasies kan ook aangedui word deur klammigheid op ’n muur of verf of pleister wat afdop of borrels maak naby die grond.

### Punte om in gedagte te hou wanneer jy vermoed jy sit met ’n ondergrondse lekkasie:

- Was daar onlangs bouwerk of terreinverfraaiing op of naby die perseel? Dit kan jou ’n plek gee waar jy kan begin soek.
- As jy die lekkasie in ’n ondergrondse pyp gekry het, sal jy die pypgedeeltes of toebehore behoorlik kan vervang sodat jy self die lekkasie kan herstel? Indien nie, dink daaraan om ’n loodgieter te ontbied om die lekkasie as deel van die herstelwerk vir jou op te spoor.



Die meeste ondergrondse lekkasies is nie jou gewone selfdoen-projek nie. Wanneer jy seker is jy het alle ander moontlike bronne van lekkasies soos krane, toilette en geisers nagegaan en jou meter wys daar word steeds water gebruik, sal die meeste mense 'n gekwalifiseerde loodgieter moet ontbied om die verborge lekkasie op te spoor. Deur die loodgieter egter die waarskynlike plek te wys waar die lekkasie kan wees, kan help en die herstelwerkkoste verlaag.

Dit kan nodig wees om die dienste van 'n lekkasie-opsporingskundige in te roep om die lekkasie met gesofistikeerde toerusting op te spoor.



# Vrae wat dikwels gevra word

## Hoe sluit ek die hoofwatertoevoer af?

Die hoofkraan (afsluitkraan) na jou eiendom is die hoofisoleerklep. Jy moet dit toedraai om jou watertoevoer te stop wanneer jy 'n lekkasie moet herstel. Dit kan 'n afsluitkraan of 'n vlotterklep wees op die pyp op jou eiendom tussen die meter en die huis. Aangesien die pyp gewoonlik onder die grond is, kan dit ondergronds lek. Hou altyd die deel rondom die afsluitkraan oop en skoon sodat jy onmiddellik toegang het indien jy die watertoevoer na die huis moet afsluit.

## Hoekom is dit belangrik om afsluitkrane en isoleerkleppe stadig oop te maak?

'n Afsluitkraan of isoleerklep is ontwerp om vir die geleidelike toemaak van die toevoer voorsiening te maak. As hierdie afsluitkraan skielik toegemaak word, kan jy 'n klapgeluid of harde geraas in jou pype hoor. Dit word 'waterhamer' genoem en deur 'n skielike verandering in watervloei veroorsaak. Met die verloop van tyd kan dit die draagklampe wat die pype vashou, losser maak en die kans op lekkasies vergroot. 'n Afsluitkraan moet altyd versigtig toegemaak word, en ook net wanneer dit noodsaaklik is.

## Wie is verantwoordelik vir die herstel van lekkasies?

Wanneer die watermeter buite die eiendom geleë is, sal die Stad Kaapstad die lekkasie herstel as dit by die meter of op die ondergrondse pyp tot by die grens van jou eiendom is. Die eienaar of okkupeerder is aanspreeklik vir herstelwerk binne die grense van die eiendom. As die meter binne die eiendomsgrens geleë is, sal die Stad die pyp tot by die inlaatkant van die meter herstel, asook die meter self. Maak asseblief seker dat die Stad veilige toegang tot hierdie pyp en die watermeter het.

## Ek het al die lekkasies reggemaak. Hoe anders kan ek nog my waterverbruik verminder?

Die meeste huishoudings en werkplekke kan baie ander stappe doen om selfs nog minder water te gebruik. Tuine en swembaddens gebruik baie water. Die meeste water binne word gewoonlik gebruik om lywe te was, toilette te spoel en wasgoed te was. So, stort baie kort, hergebruik jou water, spoel net wanneer dit nodig is, installeer doeltreffende stortkoppe en krane, bedek jou swembad en maak jou tuin waterwys. Hierdie veranderinge en baie ander geenkoste-, laekoste- en belê-om-te-bespaar-idees word meer breedvoerig op die Stad se webwerf by www.capetown.gov.za/thinkwater bespreek.

Wees slim wanneer jy water gebruik, en help ander om ook so te maak. Gebruik hierdie handleiding om jou te help om lekkasies op te spoor en te herstel, en gaan kyk ook na ander nuttige handleidings en inligting oor waterbeperkings, die Stad se Waterverordening en waterbesparing op **www.capetown.gov.za/thinkwater**.

**Moenie wag nie: Meld gebarste pype, foutiewe meters en waterbeperkingsoortredings aan:**

- WhatsApp **060 018 1505**
- Bel **0860 103 089** (kies opsie 2: waterverwante probleme)
- E-pos **water@capetown.gov.za**
- Plaas 'n aanlyn diensversoek op **www.capetown.gov.za/servicerequests**

Nog hulpbronne en inligting oor die huidige stand van ons waterstelsel is beskikbaar op **www.capetown.gov.za/thinkwater**.

Vervaardig deur die Stad Kaapstad se departement water en sanitasie.

**November 2022**

Let asseblief daarop dat hierdie dokument van tyd tot tyd bygewerk kan word. Kyk op **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir die jongste elektroniese weergawe en laai dit gratis af.

www.capetown.gov.za/thinkwater

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.